

11 Augustus

Genesis 43; 45:1-16; 50:15-26

God se wonderlike plan in en deur die lewens van sy kinders (3)

Uit die lewensverhaal van Josef kan ons sien hoe God tegelyk besig was in die lewens van 'n hele aantal mense rondom Josef. Jakob moes genees word van 'n lewenstyl waarmee hy mense manipuleer om sy eie agendas en voorkeure deur te voer. Hy het dieselfde dom fout as sy ouers gemaak om een kind voor te trek bo die ander toe hy vir Josef 'n spesiale rok gegee het om te dra. Dit het jaloesie en haat by Josef se broers aangewakker, maar Jakob het nog steeds nie geleer nie, want later maak hy weer van Benjamin sy witbroodjie.

God moes hom finaal van hierdie dwaasheid genees deur albei kinders van hom weg te neem. God moes hom op so 'n pynlike manier leer dat ons as sy kinders mekaar (man en vrou of ouers en kinders) met 'n oop hand moet vashou omdat Hy self die vernaamste plek in ons lewens wil beklee. Daarom sê Jakob in hoofstuk 43:14 "God die Almagtige sal sorg dat die man (Josef) julle goedgesind is en julle ander broer terugstuur en ook vir Benjamin. En ek, as ek dan my kinders moet verloor, moet ek hulle maar verloor".

Maar God was deur die gebeure in Josef se lewe ook besig om in die lewe van sy broers te werk. Hulle was naywerig, liefdeloos en hardvogtig. God het hulle stap vir stap in die hoek vasgedruk om hulle tot 'n besef van hulle sonde te bring. In hoofstuk 44:16 sê Juda: "God het ons sonde aan die lig gebring..." en in hoofstuk 50:17 smeek hulle Josef: "Vergeef ons tog nou die misdaad". Terselfdertyd was God ook besig om in Josef se eie lewe heiligend te werk: Hy moes self onder die magtige hand van God verneder word sodat God hom op die regte tyd kon verhoog.

Die Here sê vir ons: "My kind, Ek wil in jou lewe sowel as in die mense rondom jou se lewens vernuwend en heiligend te werk. Ek gebruik die omstandighede van jou lewe om my werk in jou en in ander mense se lewens te voltooi. So kom my koninkryk".

Dr. P.J. Buys (Mukhanyo Teologiese Kollege)